EDITION 159
UITGAWE 159

English
Afrikaans

# NAL'IBALI



## Libraries support literacy

**South Africa is celebrating National Book Week from 2 to 8 September 2019 and, together with the rest of the world, commemorates International Literacy Day on 8 September.**

Libraries have a very important role to play in supporting literacy. Are you a librarian who wants to share the power of stories and reading with children? Are you looking for ways to get children to visit the library regularly? Here are some ideas that other librarians shared with us that will help you do this.

## Biblioteke ondersteun geletterdheid

**Suid-Afrika vier van 2 tot 8 September 2019 Nasionale Boekeweek, en op 8 September herdenk ons saam met die res van die wêreld Internasionale Geletterdheidsdag.**

Biblioteke het 'n baie belangrike rol om te speel om geletterdheid te ondersteun. Is jy 'n bibliotekaris wat die krag van stories en lees met kinders wil deel? Is jy altyd op soek na maniere om kinders aan te moedig om gereeld die biblioteek te besoek? Hier volg 'n paar idees wat ander bibliotekarisse met ons gedeel het wat jou sal help om dit te doen.

### HOSTING SPECIAL EVENTS

- ★ **New members** Use National Book Week to encourage children and reading clubs to sign up as members of the library. Run special events at your library that will attract new members and show everyone what libraries have to offer.
- ★ **Treasure hunt** Help children become familiar with your library by inviting them to join in a "treasure hunt". Hide small items in different parts of the library, then write clues that will help the children find the items. For example: "You will find this treasure on the shelf where the books about wild animals are." Let the children work in pairs to find the items.
- ★ **Holiday activities** Offer a school holiday programme at your library where children are able to listen to stories, act them out, write their own stories and do fun craft activities like card- and puppet-making.

### BIED SPESIALE GELEENTHEDE AAN

- ★ **Nuwe lede** Gebruik Nasionale Boekeweek om kinders en leesklubs aan te moedig om as lede by die biblioteek aan te sluit. Hou spesiale geleenthede by jou biblioteek wat nuwe lede sal lok en vir almal sal wys wat biblioteke bied.
- ★ **Skattejag** Help kinders om vertroud te raak met jou biblioteek deur hulle uit te nooi na 'n "skattejag". Steek klein items in verskillende dele van die biblioteek weg en skryf dan leidrade wat die kinders sal help om die items te vind. Byvoorbeeld: "Jy sal hierdie skat op die rak vind waar die boeke oor wilde diere is." Laat die kinders saam met 'n maat werk om die items te vind.
- ★ **Vakansie-aktiwiteite** Bied tydens die skoolvakansie 'n program by jou biblioteek aan waar kinders na stories kan luister, die stories kan opvoer, hulle eie stories kan skryf en prettige handwerkaktiwiteite kan doen, soos om kaartjies of handpoppe te maak.

### INTRODUCING BOOKS TO CHILDREN

- ☆ **Time for tots** Set aside a special library time each week for 0 to 2 year olds and their caregivers. Spend time sharing children's songs and rhymes together. Then provide board books and other books for babies for them to read together.
- ☆ **Story time** Offer a story half-hour for young children once or twice a week where you read aloud from different picture books in the library. Remember to display these afterwards so that children can look at them on their own. Have paper and crayons available so they can draw pictures inspired by the stories after you have read them.

### STEL BOEKE AAN KINDERS BEKEND

- ☆ **Kleutertyd** Maak elke week 'n spesiale biblioteektyd vir nul- tot tweejariges en hul versorgers. Deel in hierdie tyd kinderliedjies en -rympies met hulle. Verskaf dan kartonboeke en ander boeke vir babas wat hulle saam kan lees.
- ☆ **Storietyd** Bied een of twee keer per week 'n storie-halfuur vir jong kinders aan waar jy hardop uit verskillende prenteboeke in die biblioteek lees. Onthou om die boeke na die tyd uit te stal sodat die kinders op hul eie daarna kan kyk. Stel papier en kryte beskikbaar sodat hulle prente kan teken wat geïnspireer is deur die stories wat jy vir hulle gelees het.






## Visit your library!

To celebrate International Literacy Day on 8 September 2019, Nal'ibali is shining the spotlight on libraries! We're helping to make sure that you and your children can enjoy hours of reading pleasure at your local library. To find out more about our library drive, go to the Nal'ibali website – www.nalibali.org.



## Besoek jou biblioteek!

Om Internasionale Geletterdheidsdag op 8 September 2019 te vier, plaas Nal'ibali biblioteke in die kollig! Ons wil help verseker dat jy en jou kinders ure se leesplesier by jou plaaslike biblioteek kan geniet. Om meer uit te vind oor ons biblioteekveldtog, gaan na die Nal'ibali-webwerf – www.nalibali.org.

Drive your imagination

Nal'ibali
IT STARTS WITH A STORY.
DIT BEGIN MET 'N STORIE.

This supplement is available during term times in the following Tiso Blackstar newspapers: *Sunday Times Express* in the Western Cape; *Sowetan* in the Free State, Gauteng, Limpopo, KwaZulu-Natal and North West; *Daily Dispatch* and *The Herald* in the Eastern Cape.

# Celebrate literacy!

**Each year on 8 September the world celebrates International Literacy Day. On this day, we recommit ourselves to working towards making illiteracy a thing of the past, in South Africa and across the world.**

Here are some activity suggestions to help your reading club celebrate International Literacy Day.



# Vier geletterdheid!

**Elke jaar op 8 September vier die wêreld Internasionale Geletterdheidsdag. Op hierdie dag verbind ons onsself van voor af daartoe om te werk om ongeletterdheid iets van die verlede te maak, in Suid-Afrika en oor die hele wêreld.**

Hier volg 'n paar voorstelle vir aktiwiteite om jou leesklub te help om Internasionale Geletterdheidsdag te vier.

**Hold story elections** On a table or the floor, display about ten different cut-out-and-keep books from the Nal'ibali Supplement, that you have read to the children recently. Next to each book, place an empty container, for example, a peanut butter jar, margarine tub or box. Give each child a small piece of paper which will be their voting slip and ask them to write their name on it. Ask the children to place their voting slip in the container next to the story that they most enjoyed. Together, add up the votes for each book to see which story they loved the most – and then let us know by emailing info@nalibali.org. (Please put FOR THE NAL'IBALI SUPPLEMENT in the subject line.) Don't forget to include your children's names or the name of your reading club so that we can include this information in the supplement.

**Hou storieverkiesings** Stal sowat tien verskillende knip-uit-en-bêreboekies van die Nal'ibali-bylae wat jy onlangs vir die kinders gelees het, op 'n tafel of op die vloer uit. Plaas 'n leë houer langs elke boekie, byvoorbeeld 'n grondboontjiebotterfles, margarienhouer of boks. Gee vir elke kind 'n klein stukkie papier wat hul stembriefie sal wees en vra hulle om hul naam daarop te skryf. Vra die kinders om hul stembriefie in die houer langs die storie te sit wat hulle die meeste geniet het. Tel saam die stemme vir elke boekie bymekaar om te sien van watter storie hulle die meeste gehou het – en laat weet ons deur 'n e-pos na info@nalibali.org te stuur. (Gebruik asseblief FOR THE NAL'IBALI SUPPLEMENT in die onderwerpreël.) Moenie vergeet om jou kinders se name of die naam van jou leesklub by te voeg nie sodat ons hierdie inligting in die bylae kan insluit.

**Spread the message** Help others learn about the pleasure of reading by arranging a reading club session in a safe, but busy public space over the weekend, such as a local shopping centre, supermarket or library. Ask the parents/caregivers of some of the club members to help out on the day. Invite children passing by to join the usual club members, and have fun reading.



**Versprei die boodskap** Help ander om die plesier van lees te ervaar deur oor 'n naweek 'n leesklubsessie in 'n veilige, maar besige openbare ruimte te reël, soos by 'n plaaslike winkelsentrum, supermark of biblioteek. Vra die ouers/versorgers van sommige van die klublede om jou op die dag te help. Nooi kinders wat verbykom om by die gereelde klublede aan te sluit en dit te geniet om te lees.

**Make story videos** Let the children decide whether they want to read, tell or act out a short story on their own or in groups. Use a cellphone to record them as they do this. Then play it back to them so they can enjoy watching themselves! (If there are a lot of children at your club, then ask a few groups to perform at the same time and film a part of each of their performances.)

**Maak storievideo's** Laat die kinders besluit of hulle 'n kort storie op hul eie of in groepe wil lees, vertel of wil opvoer. Gebruik 'n selfoon om hulle op te neem terwyl hulle dit doen. Speel dan die video vir hulle terug sodat hulle dit kan geniet om hulself te sien! (As daar baie kinders by jou klub is, vra 'n paar groepe om op dieselfde tyd op te tree, en neem dan 'n gedeelte van elke groep se opvoerings af.)



**Design posters** Ask the children to think about the ways in which reading and writing make a difference in their lives. Then ask them to write a slogan about literacy and to draw pictures that go with it. (A slogan is a few words that together communicate a message about something, for example: Literacy makes you a leader.) Display the finished posters at your reading club to help you create a print-rich environment for the children.



**Ontwerp plakkate** Vra die kinders om te dink oor die maniere waarop lees en skryf 'n verskil in hul lewens maak. Vra hulle dan om 'n slagspreuk oor geletterdheid te skryf en prente te teken wat daarby pas. ('n Slagspreuk is 'n paar woorde wat saam 'n boodskap oor iets kommunikeer, byvoorbeeld: Geletterdheid maak jou 'n leier.) Stal die voltooide plakkate by jou leesklub uit om jou te help om 'n omgewing wat ryk is aan gedrukte materiaal, vir die kinders te skep.



**WIN! WEN!**

book dash

For a chance to win some Book Dash books, write a review of the story, *Let's have an inside day* (pages 7 to 10), and email it to team@bookdash.org, or take a photo and tweet us at @bookdash. Remember to include your full name, age and contact details.

Vir 'n kans om boeke van Book Dash te wen, skryf 'n resensie van die storie, *Vandag is 'n binne-dag* (bladsye 7 tot 10), en stuur dit per e-pos aan team@bookdash.org, of neem 'n foto en stuur vir ons 'n twiet by @bookdash. Onthou om jou volle naam, ouderdom en kontakbesonderhede in te sluit.

Drive your imagination

# Get story active!

**Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the Nal'ibali Supplement: *The library* (pages 5, 6, 11 and 12), *Let's have an inside day* (pages 7 to 10) and *We have to go!* (pages 13 and 15).**

## The library

- Read the title of the book. Then flip through the book and look at the pictures. Now you're ready to start again at the beginning and to tell the story from the pictures. You can tell the story on your own or with a friend. Use the pictures to guide you.
- Write down the story you have told. Use separate strips of paper for the words that go with each of the pictures. Glue your words to the book's pages and enjoy reading the story!
- How many different stories can you tell using the same pictures? Try it out!



## Let's have an inside day

**Look at the list below of some of the things the children in the story enjoy doing when they spend a day indoors.**

- Circle those that sound like fun to you.
- Add some of your own favourite things to do indoors.
- Compare the ways you like spending time indoors with a friend's.

- Eat pancakes with syrup and berries.
- Jump on the bed.
- Dress up and then take photos.
- Play card games or board games.
- Play hide-and-seek.
- Run around and scream.
- Dance and sing.
- Tell stories.

.............................................

.............................................

.............................................

.............................................

.............................................



## We have to go!

- Make your own book, just like Neo did in the story. Decide who you would like to give your book to – or keep it so that you can read it again and again!
- Read some books written and/or illustrated by Joan Rankin. You can also find books that she illustrated in past supplements on our website: www.nalibali.org. Look for editions 16, 19, 33, 37, 52, 60, 76, 91, 102, 104, 136 and 156! Which one is your favourite?



# Raak doenig met stories!

**Hier volg 'n paar aktiwiteite wat julle kan probeer. Dit is op die volgende stories in hierdie uitgawe van die Nal'ibali-bylae gebaseer: *Die biblioteek* (bladsye 5, 6, 11 en 12), *Vandag is 'n binne-dag* (bladsye 7 tot 10) en *Ons moet gaan!* (bladsye 14 en 15).**

## Die biblioteek

- Lees die titel van die boek. Blaai dan deur die boek en kyk na die prente. Nou is jy gereed om weer terug te gaan na die begin en die storie aan die hand van die prente te vertel. Jy kan die storie op jou eie of saam met 'n maat vertel. Gebruik die prente om jou te help.
- Skryf die storie wat jy vertel het neer. Gebruik afsonderlike stroke papier vir die woorde wat by elk van die prente pas. Plak jou woorde aan die boek se bladsye vas en geniet dit om die storie te lees!
- Hoeveel verskillende stories kan jy met dieselfde prente vertel? Probeer dit!

## Vandag is 'n binne-dag

**Kyk na die lys hieronder van sommige van die dinge wat die kinders in die storie graag doen wanneer hulle 'n dag binne deurbring.**

- Omkring die dinge wat vir jou na pret klink.
- Voeg van jou eie dinge by wat jy graag binne doen.
- Vergelyk die maniere waarop jy graag tyd binnenshuis deurbring met 'n maat s'n.

- Eet pannekoek met stroop en bessies.
- Spring op die bed.
- Trek verskillende uitrustings aan en neem dan foto's.
- Speel kaartspeletjies of bordspeletjies.
- Speel wegkruipertjie.
- Hardloop rond en gil.
- Dans en sing.
- Vertel stories.

.............................................

.............................................

.............................................

.............................................

.............................................

## Ons moet gaan!

- Maak jou eie boek, net soos Neo in die storie gedoen het. Besluit vir wie jy jou boek wil gee – of hou dit sodat jy dit weer en weer kan lees!
- Lees van die boeke wat deur Joan Rankin geskryf en/of geïllustreer is. Jy kan ook in vorige bylaes op ons webwerf, www.nalibali.org, boeke vind wat sy geïllustreer het. Kyk in uitgawes 16, 19, 33, 37, 52, 60, 76, 91, 102, 104, 136 en 156! Watter boek is jou gunsteling?

Drive your imagination

# Nal'ibali news

**On 3 June 2019, at an international conference for library professionals, Next Library, which was held in Aarhus, Denmark, Nal'ibali won the Systematic Joy of Reading Award! This international award recognises projects that encourage citizens to read. It is funded by the Danish software company, Systematic and is awarded by an international jury.**

"The ability to read is a door-opener to a wealth of opportunities in life, and it is important that children are told stories and learn to reflect on the stories they are presented with, right from a very young age. Nal'ibali is a very fine example of a reading project with just this kind of focus," explains Michael Holm, CEO of Systematic.

Nal'ibali competed with 28 other organisations from around the world and was selected as the winner for "its work with fundamentally transforming the culture of reading in South Africa".

Nal'ibali's Managing Director, Jade Jacobsohn, was in Denmark to receive the award from the president of the International Federation of Library Associations and Institutions (IFLA), Glòria Pérez-Salmerón from Spain.

Jade Jacobsohn dedicated the award to everyone who works at Nal'ibali as well as to Nal'ibali's 17 000 FUNda Leaders. "These literacy activists are ordinary people who have signed up with Nal'ibali to create opportunities for the children in their lives to fall in love with books," Jacobsohn explained.

Nal'ibali will use the prize money to spread the joy of reading by buying books for its new Story Power in Motion mobile library project.

# Nal'ibali-nuus

**Op 3 Junie 2019, by 'n internasionale konferensie vir mense in die biblioteekprofessie, Next Library, wat in Aarhus, Denemarke, gehou is, het Nal'ibali die Systematic Joy of Reading Award gewen! Hierdie internasionale toekenning gee erkenning aan projekte wat mense aanmoedig om te lees. Dit word befonds deur die Deense sagtewaremaatskappy, Systematic, en word deur 'n internasionale jurie toegeken.**

"Die vermoë om te lees maak die deur oop na 'n magdom geleenthede in die lewe, en dit is belangrik dat daar van 'n jong ouderdom af stories vir kinders vertel word, en dat hulle leer om na te dink oor die stories wat vir hulle aangebied word. Nal'ibali is 'n uiters goeie voorbeeld van 'n leesprojek met presies hierdie soort fokus," verduidelik Michael Holm, CEO van Systematic.

Nal'ibali het met 28 ander organisasies van oor die hele wêreld meegeding en is as wenner gekies vir "hul werk om die leeskultuur in Suid-Afrika fundamenteel te verander".

Nal'ibali se Besturende Direkteur, Jade Jacobsohn, was in Denemarke om die toekenning te ontvang van die president van die International Federation of Library Associations and Institutions (IFLA), Glòria Pérez-Salmerón van Spanje.

Jade Jacobsohn het die toekenning opgedra aan almal wat by Nal'ibali werk, asook Nal'ibali se 17 000 FUNda Leaders. "Hierdie geletterdheidsaktiviste is gewone mense wat saam met Nal'ibali geleenthede skep vir die kinders in hul lewens om lief te raak vir boeke," verduidelik Jacobsohn.

Nal'ibali sal die prysgeld gebruik om die vreugde van lees te versprei deur boeke aan te koop vir hul nuwe reisende biblioteekprojek, Story Power in Motion.



*Systematic*

Jade Jacobsohn with jury members, Marian Morgan-Bindon (IFLA, Australia), Kirsten Boelt (IFLA, Denmark) and Martin Brøchner-Mortensen (Systematic, Denmark).

Jade Jacobsohn saam met jurielede, Marian Morgan-Bindon (IFLA, Australië), Kirsten Boelt (IFLA, Denemarke) en Martin Brøchner-Mortensen (Systematic, Denemarke).







### Create **TWO** cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. The sheet with pages 5, 6, 11 and 12 on it makes up one book. The sheet with pages 7, 8, 9 and 10 on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
   a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
   b) Fold it in half again along the green dotted line.
   c) Cut along the red dotted lines.









### Maak **TWEE** knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye 5, 6, 11 en 12 daarop, maak een boek. Die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10 daarop, maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hieronder om elke boek te maak.
   a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
   b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
   c) Knip uit op die rooi stippellyne.

Drive your imagination



COLLABORATE
COMMUNITY PROJECTS

*Library* was created as part of the Dithakga tša Gobala project (2017). The aim of the project was to create wordless picture books based on stories sourced from parents and children in the Mamelodi community in Pretoria, South Africa. Wordless picture books allow readers to use the illustrations to create a story in a language of their choice. In this way, the project hopes to foster a love of books, reading and storytelling regardless of literacy levels, language preference and age.

www.collaboratecommunityprojects.org

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi

Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi

Drive your imagination

# Die biblioteek

# The library



*Olga Tholo*
*Tlotliso Tholo*
*Lucinda Jordaan*

7

10










but whisper when we
pass Mama's room.

maar fluister wanneer
ons voor Mamma se
kamerdeur verbyglip.









Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi

Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi

Drive your imagination




# Let's have an inside day

# Vandag is 'n binne-dag




*Alicia van Zyl*
*Lerato Mbangeni*
*Rendani Nemakhavhani*



Let’s have an inside day!

Vandag is ’n binne-dag!





… because an inside day is a busy day.

… want ’n binne-dag, is ’n besige dag.





We’ll run and scream,

Ons kan hardloop en gil,



We’ll hide and seek.

Ons kan wegkruipertjie speel.







Let’s have a dancing and singing day.

Vandag is ’n sing-en-dans-dag.

A tickle tummies and
eat gummies day.

Dis 'n dag vir kielie en
taai lekkergoed.







Let's have an inside games day.

Vandag is 'n binne-speletjie-dag.





A pancake, syrup and
berries day.

'n Dag vir pannekoek,
stroop en bessies.



A jump on the bed and twirl day.

Vir spring op die bed en in die rondte tol.







A dress up like Dad and take pictures day.

Vir aantrek soos Pa en foto's neem.







Let's get snuggly and tell stories, then fall asleep and get snoring …

Vir opkrul en stories vertel, en dan wegdryf droomland toe …



11

6









14

3



A






Biblioteek
Library



Story corner

# We have to go!

## By Helen Brain ▪ Illustrations by Rico

It was Tuesday and there was no school. All the children were meeting at the library for a special day. It was International Literacy Day and people all over the world were going to read and write and listen to stories on the same day.

Neo was so excited. His favourite author, Joan Rankin, was coming to the library to read from the books she had written, and his dad had promised to take him to see her. Neo had written a special book about her, and he couldn't wait to give it to her.

But when Neo got up on Tuesday morning, there was a funny noise coming from the kitchen. He went to look. The washing machine was making a terrible rattling, coughing noise as if it was going to explode.



Neo's dad came to see. "Oh no!" he said. "The pump must be broken. It's going to cost so much to get it fixed. We might have to buy a whole new washing machine."

"We can't afford a new washing machine," Neo's mom said. "Please, can't you fix it? I have to go to work, and there's so much dirty washing."

Dad hated seeing Neo's mom so upset so he said, "I'll fix it. Neo will help me. I'll find a website that shows me how to mend broken washing machines."

"But, Dad, you promised to take me to the library," said Neo.

"That will have to wait, Neo. The washing machine is more important. Maybe Gogo can take you," said Dad.

"I'm going out today," said Gogo, shaking her head. "I'm sorry, Neo. You'll have to go next week."

Neo was very upset. "But, Dad, you promised me you would take me to the library," he said. "We have to go soon."

Dad fetched his toolbox and googled, "How to fix a washing machine pump" on his cellphone.

"Here you go," he said to Neo, showing him the page. "This doesn't look too difficult." And with that, he pulled the washing machine out and turned it around so he could take off the back.

But fixing the machine was more difficult than it looked.

"There's a drawing here," Dad grumbled, looking at his phone. "But it's so small, I can't see what goes where."



Then Dad dropped one of the screws and it rolled under the fridge, so he had to pull the fridge out to get the screw. Neo looked at the clock. It was half past nine. Only half an hour until Joan Rankin arrived at the library.

"Please, Dad," he said, hopping from one leg to the other. "Please, hurry so we can go to the library. We have to go now."

"I'm busy here and you are not helping, Neo!" Dad looked cross.

Neo was upset. His father had promised to take him, but now everything was going wrong.

"NO, NO, NO," yelled Dad. "I don't believe it!"

"What?" Neo asked in a small voice.

"Now my phone's battery is flat!" Dad shouted. "Please fetch me the charger."

But at that very moment the power went out.

"Oh no," said Neo. "Now the electricity is off."

Dad seemed very angry. "This is the worst Tuesday ever. I'm halfway through fixing the machine and now I can't read about what to do next."

Neo nodded. "Yes, it is the worst Tuesday ever. You can't fix the machine, and I'm missing Joan Rankin," but he didn't say any more because he could see that Dad was very upset. Neo slumped down at the kitchen table and hid his head in his arms.

Dad packed away his tools. "There's not much we can do now," he said.

Neo lifted his head a little bit. The clock said ten to ten. They could still make it to the library – they'd be late, but he'd still see Joan Rankin and he could still give her his present. He turned the pages of the little book he'd made. He'd written the story and drawn the pictures, and Gogo had helped him put it together and make a cover. Dad was calming down. He picked up Neo's book. "What's this, Neo?" he asked.

*Continued on page 15.*

Drive your imagination

# Ons moet gaan!

Deur Helen Brain | Illustrasies deur Rico

Dit is Dinsdag en die skool is gesluit. Al die kinders ontmoet mekaar by die biblioteek vir 'n spesiale dag. Dit is Geletterdheidsdag en mense van oral oor die wêreld gaan op dieselfde dag stories lees en skryf, en na stories luister.

Neo is so opgewonde. Sy gunstelingskrywer, Joan Rankin, kom na die biblioteek om voor te lees uit van die boeke wat sy geskryf het, en sy pa het belowe hy sal hom vat om na haar te gaan luister. Neo het 'n spesiale boek oor haar geskryf, en kan nie wag om dit vir haar te gee nie.

Maar toe Neo Dinsdagoggend opstaan, kom daar 'n snaakse geluid uit die kombuis. Hy gaan kyk. Die wasmasjien maak 'n nare, rammelende hoesgeluid asof dit gaan ontplof.



Neo se pa kom kyk. "Ag, nee!" sê hy. "Die pomp moes gebreek het. Dit gaan so duur wees om dit te laat regmaak. Ons sal dalk 'n nuwe wasmasjien moet koop."

"Ons kan nie 'n nuwe wasmasjien bekostig nie," sê Neo se ma. "Kan jy dit nie asseblief regmaak nie? Ek moet gaan werk, en daar is so baie vuil wasgoed."

Pa hou niks daarvan as Neo se ma so ontsteld is nie, en hy sê: "Ek sal dit regmaak. Neo kan my help. Ek sal 'n webwerf soek wat vir my wys hoe om stukkende wasmasjiene reg te maak."

"Maar Pa, jy het belowe om my biblioteek toe te vat," sê Neo.

"Dit sal moet wag, Neo. Die wasmasjien is belangriker. Dalk kan Gogo jou vat," sê Pa.

"Ek gaan vandag uit," sê Gogo, en skud haar kop. "Ek is jammer, Neo. Jy sal moet wag tot volgende week."

Neo is baie ontsteld. "Maar Pa, jy het belowe om my biblioteek toe vat," sê hy. "Ons moet nou-nou gaan."

Pa gaan haal sy gereedskapskis, vat sy selfoon en tik op Google in: "Hoe om 'n wasmasjien se pomp reg te maak".

"Daar's hy," sê hy vir Neo, en wys vir hom die bladsy. "Dit lyk nie te moeilik nie." En daarmee trek hy die wasmasjien vorentoe en draai dit om sodat hy die agterkant kan afhaal.

Maar dit is moeiliker as wat dit lyk om die wasmasjien reg te maak.

"Daar's 'n tekening hier," mompel Pa en kyk na sy foon. "Maar dit is klein, ek kan nie sien wat hoort waar nie."



Toe laat Pa een van die skroewe val en dit rol onder die yskas in sodat hy die yskas moet vorentoe trek om die skroef te kry. Neo kyk na die horlosie. Dit is halftien. Nog net 'n halfuur voor Joan Rankin by die biblioteek aankom.

"Asseblief, Pa," sê hy, en spring van een been na die ander. "Maak asseblief gou sodat ons biblioteek toe kan gaan. Ons moet nou gaan."

"Ek is besig hier en jy help nie, Neo!" Pa lyk vies.

Neo is ontsteld. Sy pa het belowe om hom te vat, maar nou loop alles skeef.

"NEE, NEE, NEE," skree Pa. "Ek glo dit nie!"

"Wat nou?" vra Neo in 'n klein stemmetjie.

"Nou is my foon se battery pap!" skree Pa. "Gaan haal asseblief die batterylaaier."

Maar op daardie oomblik gaan die krag af.

"Ag nee," sê Neo. "Nou is die krag af."

Pa lyk baie kwaad. "Dit is die slegste Dinsdag ooit. Ek is halfpad klaar met die wasmasjien en nou kan ek nie lees wat om volgende te doen nie."

Neo knik. "Ja, dit is die slegste Dinsdag ooit. Pa kan nie die masjien regmaak nie, en ek gaan nie vir Joan Rankin sien nie," maar hy sê niks nie, want hy kan sien Pa is baie omgekrap. Neo gaan sit by die kombuistafel en laat sak sy kop op sy arms.

Pa pak sy gereedskap weg. "Daar's nie veel wat ons nou kan doen nie," sê hy.

Neo lig sy kop effens op. Die horlosie sê tien voor tien. Hulle kan nog steeds biblioteek toe gaan – hulle sal laat wees, maar hy sal nog vir Joan Rankin kan sien en steeds vir haar sy geskenk kan gee. Hy blaai deur die bladsye van die klein boekie wat hy gemaak het. Hy het die storie geskryf en die prente geteken, en Gogo het hom gehelp om dit bymekaar te sit en 'n omslag te maak. Pa is besig om te bedaar. Hy tel Neo se boek op. "Wat's dit, Neo?" vra hy.

*Vervolg op bladsy 15.*

Drive your imagination

## Story corner

*From page 13.*

"My book," Neo said in a tiny voice. "I was going to give it to my favourite author at the …" He didn't finish the sentence.

"Come on," called Dad, grabbing his car keys. "We have to go NOW! We can still get to the library in time if we hurry."

Joan Rankin had begun to read her story to the children when Neo and Dad hurried into the library. Neo found a seat at the back and settled down to listen. Her story was wonderful, and so were her pictures. Neo hoped he'd be able to draw like that one day.

And the best of all? When she'd finished and Neo showed her his book, she thought it was wonderful.

"Did you really write this story all by yourself?" she asked him.

"Yes," said Neo. "And I drew the pictures too. It's a present for you, Ma'am."

Then Joan Rankin opened her bag and took out one of her books. Inside she wrote, "For Neo, who makes beautiful books", and she signed her name in big letters and gave it to him.

Neo was so happy. He held the book so tightly he never wanted to let it go.




Just then Dad came over. "You won't believe it," he said. "I found a book on how to fix washing machines, and look – the drawings are big and clear. Why didn't you tell me the library had books like this, Neo?"

Dad gave Neo a hug. "Books are awesome. Their batteries never run flat, and you can even read them when the electricity goes off."

Neo smiled a happy smile and nodded. That was true. You can read a book anywhere and anytime.

## Storiehoekie

*Vanaf bladsy 14.*

"My boek," sê Neo in 'n klein stemmetjie. "Ek wou dit vir my gunstelingskrywer gee by die …" Hy maak nie sy sin klaar nie.

"Kom," roep Pa, en gryp sy motorsleutels. "Ons moet NOU gaan! Ons kan steeds betyds by die biblioteek wees as ons gou maak."

Joan Rankin het al begin om haar storie vir die kinders te lees toe Neo en Pa haastig by die biblioteek aankom. Neo vind 'n sitplek in die agterste ry en gaan sit om te luister. Haar storie is wonderlik, en haar prente ook. Neo hoop hy kan ook eendag so teken.

En die beste van alles? Toe sy klaar is en Neo vir haar sy boek wys, dink sy dit is wonderlik.

"Het jy regtig self hierdie storie geskryf?" vra sy vir hom.

"Ja," sê Neo. "En ek het die prente geteken. Dit is 'n geskenk vir jou, mevrou."

Toe maak Joan Rankin haar sak oop en haal een van haar boeke uit. Binne-in skryf sy: "Vir Neo, wat pragtige boeke maak", en sy skryf haar naam in groot letters en gee dit vir hom.

Neo is so gelukkig. Hy hou die boek so styf vas asof hy dit nooit weer wil laat gaan nie.




Net toe kom Pa aangestap. "Jy sal dit nie glo nie," sê hy vir Neo. "Ek het 'n boek gekry oor hoe om wasmasjiene reg te maak, en kyk – die tekeninge is groot en duidelik. Waarom het jy nie vir my gesê daar is boeke soos hierdie een in die biblioteek nie, Neo?"

Pa gee vir Neo 'n drukkie. "Boeke is fantasties. Hulle batterye raak nooit pap nie, en jy kan hulle selfs lees wanneer die krag afgaan."

Neo glimlag bly en knik. Dit is waar. Jy kan 'n boek enige tyd en op enige plek lees.

Drive your imagination

# Nal'ibali fun
# Nal'ibali-pret



## 1. Can you match the top and bottom part of these Nal'ibali characters?
## Kan jy die boonste en onderste helftes van hierdie Nal'ibali-karakters by mekaar pas?







## 2. Can you correctly match each of the characters in (1) with their names?
## Kan jy al die karakters in (1) by hul name pas?

Mbali Josh Hope
Gogo Priya
Neo
Bella Afrika



A: ______________________
B: ______________________
C: ______________________
D: ______________________
E: ______________________
F: ______________________
G: ______________________
H: ______________________



## 3. How well do you know the Nal'ibali characters on this page?

**Clue**: Use the information in "Collect the Nal'ibali characters" in Supplements 156, 157 and 158 to help you.

a. What are the names of Gogo's grandchildren? ______________________, ______________________
b. What kind of pet does Bella have? ______________________
c. What is her pet's name? ______________________
d. Which of these children is Neo's cousin? ______________________
e. Which character likes stories about pirates? ______________________
f. Which character likes stories about queens? ______________________

## Hoe goed ken jy die Nal'ibali-karakters op hierdie bladsy?

**Leidraad**: Gebruik die inligting in "Versamel die Nal'ibali-karakters" in Bylae 156, 157 en 158 om jou te help.

a. Wat is die name van Gogo se kleinkinders? ______________________, ______________________
b. Watter soort troeteldier het Bella? ______________________
c. Wat is haar troeteldier se naam? ______________________
d. Watter van hierdie kinders is Neo se nefie? ______________________
e. Watter karakter hou van stories oor seerowers? ______________________
f. Watter karakter hou van stories oor koninginne? ______________________

**Answers: 1.** A-5, B-8, C-2, D-7, E-3, F-4, G-1, H-6 **2.** A: Neo, B: Afrika, C: Gogo, D: Hope, E: Bella, F: Josh, G: Mbali, H: Priya **3. a.** Neo, Mbali, **b.** dog, **c.** Noodle, **d.** Afrika, **e.** Neo, **f.** Bella

**Antwoorde: 1.** A-5, B-8, C-2, D-7, E-3, F-4, G-1, H-6 **2.** A: Neo, B: Afrika, C: Gogo, D: Hope, E: Bella, F: Josh, G: Mbali, H: Priya **3. a.** Neo, Mbali, **b.** hond, **c.** Noodle, **d.** Afrika, **e.** Neo, **f.** Bella

**Nal'ibali** is here to motivate and support you. **Contact us** by calling our call centre on **02 11 80 40 80**, or in any of these ways:

**Nal'ibali** is hier om jou te motiveer en te ondersteun. **Skakel ons** inbelsentrum by **02 11 80 40 80**, of kontak ons op een van die volgende maniere:

www.nalibali.org | www.nalibali.mobi | nalibaliSA | @nalibaliSA | @nalibaliSA | info@nalibali.org

Produced by The Nal'ibali Trust and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch The Herald Sunday Times Sowetan IN THE KNOW ON THE MOVE

Drive your imagination